Nederige dankbaarheid in die geloof

Teks: 1 Korinthiërs 10: 1 - 13 & Sondag 52
Teksvers: 1 Korithiërs 10: 12

1. Inleiding

In ons leerdiens vandag gaan ons fokus op die hoogmoedige selfversekerdheid, en hoe dit ook ’n versoeking van die bose is. Ons sluit aan by die gedagte van val en opstaan uit ons eerste preek. En die vraag waaroor ons gaan besin, is die volgende: Daar word gereken dat elke val en opstaan geleentheid in die lewe ons sterker maak. Nou is die vraag op watter punt is ons sterk genoeg om voor die aangesig van die Here te kan staan?

Hierdie vraag bring ons by 1 Korinthiërs 10 vers 12. Die waarskuwing dat wie meen hy staan, moet oppas dat hy nie val nie. Ons gaan tesame met dit ook fokus op Sondag 52 van die kategismus. Dit handel oor die sesde bede van die Onse Vader gebed. En daarin bid ons daagliks vir die verlossing van die bose en die wegleiding uit versoeking. Want ons weet dat hierdie versoekings en verleidings steeds daagliks op ons lewenspad is. Ons weet ook hoe maklik ons kan toegee aan sulke versoekings en verleidings.

Maar is daar uiteindelik ’n punt waar ek immuun raak teen versoekings en verleidings. Waar ek ’n so ’n mate van geloofsvolwassenheid bereik dat hierdie dinge my nie meer pla nie? Is daar ’n plek in die geloof waar ek gereken kan word as ’n spesialis, wat hom nie meer ophou met klein dingetjies in die geloof nie? Is daar ’n plek waar ek trots kan regop staan in die geloof, en nie meer neerbuig nie? Kom ons ondersoek hierdie gedagte verder?

2. Om voor God te staan

Ons kan na die aksie van staan op verskillende maniere kyk. Eerstens is daar natuurlik die letterlike betekenis van staan. ’n Baba kan nie staan by geboorte nie. Ons as mense moet eers tot op ’n sekere punt ontwikkel voor ons kan regop staan. Ons weet dit is eers kruip en sit en dan uiteindelik staan. Ons weet ook dat ouers van ’n kind gewoonlik baie trots is as die oomblik aanbreek wat die kind wel op sy eie bene kan staan.

En dit is juis as gevolg hiervan dat ons die figuurlike betekenis van staan ook aflei. Ons kan hierdie sjabloon van ontwikkeling figuurlik neersit op ander prosesse van ontwikkeling. So byvoorbeeld ook geloofsontwikkeling. In 1 Korinthiërs 3 vergelyk Paulus ook Geestelike ontwikkeling met fisies ontwikkeling van ons liggame. Hy skryf in 1 Korinthiërs 3:2 "[2]Ek het julle met melk gevoed, nie met vaste kos nie, want julle kon dit nog nie verteer nie. En julle kan dit ook nou nog nie verteer nie”

Dus om te kan staan beteken dat ’n mens ‘n sekere punt van ontwikkeling in ’n proses bereik het. En nou is die vraag natuurlik of ons daardie punt in ons geloofslewe al bereik het. Of eintlik eerder dink ons in ons eie oë dat ons dit al bereik het. Maar daar is ook ’n ander konneksie aan staan, end dit het te doen met respek. Die regop staan in die teenwoordigheid van iemand hoër as ek. Ons weet byvoorbeeld in die middeleeue moes mense plat op die vloer voor die pous lê, hulle het nie durf waag staan in sy teenwoordigheid nie.

Maar ons praat nou van die teenwoordigheid van die Here. Om saam met iemand anders te staan impliseer iets van ’n gelyke gesagverhouding. Iets van ’n oog tot oog kyk op dieselfde vlak. Maar is dit wat ons behoort te doen met die Here? Kan ons regop staan voor die Here?

3. Versoeking om te dink ek staan

Nederigheid is dikwels ’n skaars eienskap onder die mensdom. En ook in die gemeenskap van die gelowiges is dit nie altyd volop nie. Ons nie kan maar net na Lukas 18 blaai, na die bekende gelykenis oor die Fariseër en die Tollenaar. In hierdie opsig weet ons dat ons meestal die Fariseër en nie die Tollenaar is nie. Ons bid gewoonlik nie “O God, wees my, sondaar, genadig”. Dit is ook presies hier waar die konneksie met die sesde bede van die Onse Vader in kom.

Ons word deur die wêreld met hulle oordrewe fokus op die mens versoek en verlei om ook so in die geloof te dink. Om word versoek om onsself so maklik bo ons naaste te plaas, en dan nederig af te kyk na ander mense om my. Eerstens na die ongelowiges buite die gemeenskap van gelowiges, maar dan ook dikwels tenoor my broers en susters in geloof.

Tog bly die groter probleem nie my broer en suster in die geloof nie, maar eintlik die Here. Sien ons ervaar nogal vinnig negatiwiteit van my broer en suster in die geloof wanneer ek snobisties teenoor hulle optree. Maar soms kwyn mense se geloof so weg dat hulle nie meer die teenwoordigheid of selfs bestaan van God ervaar nie. En daarom tree mense maklik hoogmoedig en sonder respek teenoor die Here op. Dink maar aan georgarniseerde geloofsbeoefening in die algemeen vandag.

Dit is uiteindelik hieroor wat die sesde bede gaan. Ons bid vir die beskerming teen die bose wat dikwels met die ou leuen uit Genesis 3 na ons kom. Die leuen wat hy aan Eva voorhou in die woorde: “Julle sal beslis nie sterf nie, 5maar God weet dat julle oë sal oopgaan die dag as julle van daardie boom eet en dan sal julle soos God wees deurdat julle alles kan ken”

4. Neerbuig of neerval

Die probleem waarmee ons dikwels vandag sit, is dan gesag nie meer uitgeoefen word nie. Op alle gebiede van die lewe sien ons mense in opstand teen gesag, sonder enige gevolge of straf op hulle optrede. Maar met die Here die almagtige is dit nie so nie. Ons weet dat die Bybel ons leer dat elke knie sal buig in Fillipense 2:10. Eintlik kry ons al ’n voorsmaak hiervan in Johannes 18:5 waar Christus gearresteer word. Ons lees in vers 5: “5“Jesus van Nasaret,” antwoord hulle Hom. “Dit is Ek!” sê Hy toe vir hulle. Judas, sy verraaier, het ook daar by hulle gestaan. 6Toe Jesus dan vir hulle sê: “Dit is Ek!” het hulle teruggedeins en op die grond neergeval.

Die vraag is natuurlik hoekom het die mense by Christus dan nie ook oop die grond neergeval nie. En die antwoord lê in gesag en die respek daarvoor. Die mense by Christus het Hom reeds erken en aanbid as die Verlosser. Maar vir die tempelwagte was Hy maar net nog ’n misdadiger wat Homself aan hulle gesag met onderwerp.

Die groter boodskap hierin, is natuurlik die genade wat ons het in ons Here Jesus Christus om enigsins in die teenwoordigheid van die Vader te wees. En dit is en bly natuurlik die teevoeter vir alle hoogmoed. Om nederig te besef dat niks wat ons het of doen uit ons eie kom nie. Dit is alles net genade wat onverdiend deur die Here aan ons geskenk word. Daarom is die 6de bede uiteindelik ’n smeking om van versoeking van hoogmoed bewaar te word. Om uiteindelik nederig neer te buig voordat ons op grond neergevel word deur die heiligheid van die Here.

5. Slot

Ons kan vandag se preek afsluit met ’n opsomming van die sesde bede. Ons bid in die sesde bede om die weerhouding van versoekings. Natuurlik kan dit op die eerste oog opslag lyk of dit dan die Here is wat ons versoek. Maar ons weet dat God goed is en die bron van alle goeie dinge. Maar dan weet ons ook dat niks buite die wil van God kan gebeur nie. Met hierdie bede bely ons dus ons totale afhanklikheid van die Here.

Maar laastens bevat Sondag 52 ook die afsluiting van die Onse Vader gebed. Daardie afsluiting waarin ons, onsself totaal en al onderwerp aan gesag van die Vader. Waar ons bely dat die koninryk die krag en die heerlikheid aan Hom behoort tot in alle ewigheid. Dit is die manier waarop Christus ons leer om ons gebede ook af te sluit. Om onsself heeltemal in nederigheid aan die gesag van die Here te onderwerp.

Ons het in die preek verwys na staan as ’n ontwikkelingsfase. Maar spoedig het ons gesien dat dit eintlik neerbuig is wat geloofsgroei bewys. Want dit is uiteindelik die nederige dankbaarheid in die geloof wat geloofsvolwassenheid openbaar. Daarom wie meen hy staan in die geloof, moet oppas dat hy nie val nie. Moet oppas dat hy nie neergewerp word deur die heiligheid van die Here nie.

Amen